



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN  
MEI 2023

**REKENINGKUNDE: VRAESTEL II**

Tyd: 2 uur

100 punte

---

**INLIGTINGSBOEKIE**

---

**VRAAG 1 BEGROTINGS****[33 punte; 39 minute]**

Hierdie vraag bestaan uit twee dele, Deel A en Deel B. Die twee dele moet as onafhanklik van mekaar beskou word.

**Deel A****[22 punte; 26 minute]****Inligting aangaande Tshwane Traders**

- Die volgende saldo's, onder andere, verskyn in die finansiële rekords van Tshwane Traders op 28 Februarie 2023, die laaste dag van die finansiële jaar:

	R
Debiteurekontrole	648 000
Krediteurekontrole	541 500
Inkomste vooruit ontvang (huurinkomste)	50 000
Opgelope uitgawes (eiendomsbelasting en diensgelde)	35 000

- Geprojekteerde totale verkope en koste van verkope:

TOTALE VERKOPE		KOSTE VAN VERKOPE	
Maart 2023	R4 200 000	Maart 2023	R2 625 000
April 2023	R5 500 000	April 2023	R3 437 500

Kontantverkope beloop 70% van totale verkope.

- Debiteure-invordering**
  - 40% van debiteure vereffen hul skuld binne die maand waarin die transaksie plaasgevind het om voordeel te trek uit 'n 4%-vereffeningskorting.
  - 55% van debiteure vereffen hul skuld in die maand wat op die verkoopstransaksie volg.
  - Die uitstaande saldo word as oninbaar afgeskryf aan die einde van die tweede maand wat op die verkoopstransaksie volg.

- **Huurinkomste**

- Huur beloop R50 000 per maand. Dit sal van 1 April 2023 af tot R55 000 per maand verhoog word.
- Die huur vir April 2023 is op 28 Maart 2023 ontvang.

- **Handelsvoorraad**

- Tshwane Traders handhaaf altyd 'n vastebasis-voorraadvlak.
- Die eienaar, James West, onttrek R80 000 per maand vir sy persoonlike gebruik. R40 000 per maand is in kontant en die res is in handelsvoorraad.
- Goedere ter waarde van R300 000 (kosprys) sal gedurende April 2023 aan verskillende welsynsorganisasies geskenk word.
- 80% van alle goedere word gekoop en in kontant betaal om voordeel te trek uit 'n 10%-kontantkorting wat deur verskaffers aangebied word.
- 20% van alle goedere word op krediet gekoop. Krediteure vir kredietaankope word ten volle betaal in die maand wat op die kooptransaksie volg.

- **Eiendomsbelasting en diensgelde**

- Eiendomsbelasting en diensgelde is R35 000 per maand.
- Tshwane Traders het besluit om die eiendomsbelasting en diensgelde van April 2023 af kwartaalliks te betaal. Die eerste betaling sal op 1 April 2023 gedoen word. Geen nuwe grond of geboue sal na verwagting gedurende die finansiële jaar gekoop word nie.

**Deel B****[11 punte; 13 minute]****Inligting aangaande Sawubona Stores**

Sawubona Stores is 'n algemene handelaar wat in die sentrale sakegebied (SSG) geleë is. Hulle spesialiseer in kruideniersware, skoonmaakmateriaal en ander huishoudelike items, maar hou ook sommige ysterware- en skryfbehoeftes-items in voorraad.

**Kontantbegroting van Sawubona Stores**  
**Begrotingstydperk: 1 April 2023 tot 31 Mei 2023**

	<b>APRIL 2023 (EINDE VAN 2023 FINANSIËLE JAAR)</b>		<b>MEI 2023 (BEGIN VAN 2024 FINANSIËLE JAAR)</b>	
<b>ONTVANGSTE</b>	<b>BEGROOT</b>	<b>WERKLIK</b>	<b>BEGROOT</b>	<b>WERKLIK</b>
Kontantverkope	600 000	960 000	480 000	480 000
Huurinkomste	20 000	0	20 000	20 000
Lening	–	–	240 000	200 000
Diverse inkomste	80 000	80 000	72 000	72 000
<b>Totale kontantontvangste</b>	<b>700 000</b>	<b>1 040 000</b>	<b>812 000</b>	<b>772 000</b>
<b>BETALINGS</b>				
Betalings aan krediteure	400 000	500 000	320 000	300 000
Salarisse en lone	88 000	164 000	109 600	109 600
Bestuurders (2 bestuurders wat elk R32 000 per maand verdien)	64 000	128 000	83 200	83 200
Winkelassistente (6 winkelassistente wat elk R4 000 per maand verdien)	24 000	36 000	26 400	26 400
Leningterugbetaling en rente	18 400	18 400	28 000	28 000
Voertuie	–	288 000	–	–
Kantoorskryfbehoeftes	20 000	20 000	20 000	14 000
Ander uitgawes	68 000	68 000	100 000	82 000
<b>Totale kontantbetalings</b>	<b>594 400</b>	<b>1 058 400</b>	<b>577 600</b>	<b>533 600</b>
<b>Kontantsurplus (-tekort)</b>	<b>105 600</b>	<b>(18 400)</b>	<b>234 400</b>	<b>238 400</b>
<b>Bankbeginsaldo</b>	<b>(48 000)</b>	<b>(48 000)</b>	<b>57 600</b>	<b>(66 400)</b>
<b>Bankeindsaldo</b>	<b>57 600</b>	<b>(66 400)</b>	<b>292 000</b>	<b>172 000</b>

**VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING****[48 punte; 58 minute]****Inligting aangaande Aspen Pharmacare Holdings Ltd**

Aspen Pharmacare Holdings Ltd is 'n multinasionale maatskappy vir farmaseutiese ondernemings en die grootste farmaseutiese maatskappy in Afrika. Hulle verbeter die gesondheid van pasiënte oor die hele wêreld deur hul bekostigbare medisyne van hoë gehalte. Hul hoofkantoor is in Durban, Suid-Afrika. Hulle is die Suid-Afrikaanse vervaardiger van Johnson & Johnson se Covid-19-entstof.

**Inligting A****Aangepas uit die Groepstaat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie:**

	<b>2021</b>	<b>2020</b>	<b>%</b>
	<b>R'miljoen</b>	<b>R'miljoen</b>	<b>Verandering</b>
Inkomste	37 766	33 659	↑ 12,2
Koste van verkope	(19 977)	(16 524)	↑ 20,9
Bruto wins	17 789	17 135	↑ 3,8
Bedryfsinkomste	1 067	515	↑ 107,2
Ander inkomste uit produkte wat gestaak is	8	1 284	NVT
Bedryfsuitgawes	(11 784)	(11 920)	↓ 1,1
Verkope en verspreiding	5 784	5 699	↑ 1,5
Administratief	3 340	3 192	↑ 4,6
Ander	2 660	3 029	↓ 12,2
Bedryfswins	7 080	7 014	↑ 0,9
Beleggingsinkomste	140	156	↓ 10,3
Finansieringskoste en rente betaal	(1 223)	(1 688)	↓ 27,5
Wins voor belasting	5 997	5 482	↑ 9,4
Belasting	(1 191)	(818)	↑ 45,6
Groep netto wins na belasting vir die jaar	4 806	4 664	↑ 3,0

**Inligting B****Aangepas uit die Groepstaat van Finansiële Posisie op 30 Junie:**

	<b>2021</b> <b>R'miljoen</b>	<b>2020</b> <b>R'miljoen</b>
<b>BATES</b>		
<b>Niebedryfsbates</b>	76 979	96 431
Eiendom, masjinerie en toerusting	76 979	96 431
<b>Bedryfsbates</b>	32 643	36 738
Voorraad	13 409	16 413
Ontvangbare rekeninge en ander bedryfsbates	10 688	13 232
Kontant en kontantekwivalente	8 546	7 093
<b>Bates geklassifiseer as gehou om te verkoop</b>	62	0
<b>Totale bates</b>	109 684	133 169
<b>EKWITEIT EN LASTE</b>		
<b>Totale ekwiteit</b>	65 627	69 217
Behoue inkomste	50 756	45 911
Nie-uitkeerbare reserwes	12 931	21 354
Aandelekapitaal	1 940	1 952
<b>Niebedryfslaste</b>	7 306	45 873
Lenings	266	36 019
Ander	7 040	9 854
<b>Bedryfslaste</b>	36 751	18 079
Lenings	24 606	6 302
Handels- en ander bedrae betaalbaar	9 213	9 691
Ander	2 932	2 086
<b>Totale ekwiteit en laste</b>	109 684	133 169

**Bykomende aangepaste uittreksels uit die Groepstate soos op 30 Junie 2021:**

- Wins op verkoop van bates vir 2021 was R168 miljoen.
- Eiendom, masjinerie en toerusting word teen historiese koste opgeteken.
- Beskadigde voorraad moes afgeskryf word as gevolg van 'n oorstroming by 'n bergingsfasiliteit. Die voorraadverlies vanweë oorstromings het R1,7 miljoen beloop.
- Voorraadkoste word bepaal op die eerste-in-eerste-uit-basis.
- Ouditgelde vir 2021 was R57 miljoen.
- Aan die einde van die 2021 finansiële jaar was daar 597 miljoen uitgereikte aandele.

**Inligting C**


	<b>2021</b>	<b>2020</b>
Wingsgrens	?	103,7%
Genoteerde JSE-aandeleprys op 30 Junie	R162,09	R144,07
Opbrengs op aandeelhoudersbelang	?	9,42%
Opbrengs op kapitaal aangewend	9,89%	–
Verdiens te per aandeel	?	777,3 sent
Dividende per aandeel	262,8 sent	0 sent

**VRAAG 3    VERSOENINGS****[19 punte; 23 minute]****Inligting aangaande GP Tool Distributors**

GP Tool Distributors is 'n agent wat gereedskap in grootmaat op krediet koop by hul enigste verskaffer, Adendorff Machinery Mart.

Hul enigste verkoopskontrak is om gereedskap aan Builder's Warehouse te verskaf. Die Builder's Warehouse-winkels is oor die land versprei, wat dit 'n baie lonende kontrak vir GP Tool Distributors maak. Builder's Warehouse plaas grootmaatbestellings by GP Tool Distributors wat hulle (Builder's Warehouse) 60 dae toelaat om hul rekening te vereffen.

**Deel A****[5 punte; 6 minute]**

					
Constantia Kloof AH Weltevredenpark 1709					
GP Tool Distributors Corlettrylaan 1, Johannesburg			Rekeningno.: 1121 Staatdatum: 27/02/2023		
DATUM		TRANSAKSIES	DEBIET	KREDIET	SALDO
2023 Feb	01	Beginsaldo			895 000
	05	Faktuur 1505	116 000		1 011 000
	06	Kredietnota 245		32 000	979 000
	07	Kwitansie 720		300 000	679 000
	07	Korting		24 000	655 000
	13	Faktuur 1802	1 341 000		1 996 000
	15	Faktuur 1910		256 000	1 740 000
	19	Kwitansie 990		450 000	1 290 000
	22	Faktuur 2121	185 000		1 475 000
	26	Kredietnota 880		84 000	1 391 000
<b>Kredietbepalings:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>° Alle skuld moet binne 30 dae na die datum van die staat vereffen word.</li> <li>° 'n 8%-vereffeningskorting op betalings word gegee indien betalings binne 30 dae van aankoop gedoen word.</li> </ul>					



**Bykomende inligting aangaande die krediteurestaat vir Februarie 2023:**

- (a) Faktuur 1505 is in die Krediteurejoernaal opgeteken as R161 000. Die staat is korrek.
- (b) GP Tool Distributors was onbewus van die korting wat op 7 Februarie 2023 toegestaan is.
- (c) Die kredietnota op 26 Februarie 2023 is korrek in die Krediteureafslagjoernaal opgeteken as R88 400.
- (d) Adendorff Machinery Mart het die aankoop op die 15de verkeerdelik na die kredietkant gepos.
- (e) Die boekhouer van GP Tool Distributors hou vol dat sy 'n EFO-betaling van R420 000 vir 28 Februarie 2023 vooruit op die aanlyn bankplatform gelaai het. 'n Verdere ondersoek het getoon dat die betaling inderdaad suksesvol gedoen is.

**Deel B****[14 punte; 17 minute]****UITTREKSEL UIT DIE DEBITEUREGROOTBOEK VAN GP TOOL DISTRIBUTORS****UITTREKSEL UIT DIE DEBITEUREGROOTBOEK VAN BUILDER'S WAREHOUSE****DG1**

Datum		Besonderhede	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
2022						
Des	1	Saldo	a/b			1 215 000
	16	Kwitansie 1345	KOJ9		824 500	390 500
2023						
Jan	4	Faktuur 7447	DJ10	243 600		634 100
	5	Kredietnota 224	DAJ10		14 230	619 870
	15	Kwitansie 1468	KOJ10		420 750	199 120
	15	Korting toegestaan	AJ10		8 415	190 705
	30	Faktuur 7821	DAJ10	679 850		870 555
2023						
Feb	2	Kredietnota 256	DAJ11		2 525	868 030
	17	Faktuur 8113	DJ12	187 240		1 055 270
	20	Kwitansie 1867	KOJ12		243 750	811 520